## DIE ESSENSIE VAN NEO-SPEKTRUM:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE

Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom

## ACIM 12 Mei 2014 (19h30) — Stad
## ACIM 15 Mei 2014 (19h00) — Kolping

**ETE ELKE EERSTE SONDAG VAN DIE MAAND**

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

______________________________________________

E-Mail________________________________ Sel______________________

### ADRES

Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg — tweede straat regs is:
**Biccard Straat (Kolping Centre aan jou regterkant) Durbanville**

| Bankrekening vir bydraes | BAIE DANKIE |
|---|---|
| **ABSA: Neo-Spektrum** | Ons vra 'n maandelikse bydrae |
| Takkode: **632005** | hetsy per koevert of per EFT |
| Rekening: **4083481065** | Groot ASSEBLIEF en DANKIE |



# Neo-Spektrum
## 11 Mei 2014
## PSALM VIR ELKE DAG
## DIVINITY WITHIN HUMANITY

## STILTE IN DIE KAPEL

~ TRUST IN YOUR LOVE (FEAT ANE BRUN) — BLISS ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

*Ek wil u lof verkondig, my God en Koning,*
*ek wil u Naam altyd loof.*
*Elke dag wil ek U loof, ek wil u Naam altyd prys.*
*Die Here is groot, alle lof kom Hom toe,*
*sy grootheid is ondeurgrondelik.*
*Geslag na geslag prys wat U doen*
*en vertel van u magtige dade,*
*van die luister, die heerlikheid van u majesteit.*
*Ek wil getuig van u magtige dade, sodat die mense*
*oor u wonderdade sal praat.*
*Ek wil van u grootheid vertel.*
*Sonder ophou moet hulle U groot goedheid verkondig*
*en oor u reddingsdade jubel.*
*Genadig en barmhartig is die Here,*
*lankmoedig en vol liefde.*
*Die Here is vir almal goed en barmhartig*
*oor alles wat Hy geskep het.*

*(Psalm 145:1-9)*

**- STILTETYD -**

## — Lees: Psalm 82:2-6 —

Doen wat reg is aan die wat swak is en aan die wat wees is,
red die hulpelose en die behoeftiges,
bevry hulle uit die hand van goddelose mense.
Hulle weet nie en verstaan nie, hulle loop rond in duisternis,
al die fondamente van die wêreld wankel.
Ek self het gesê: Julle is gode, en julle is almal seuns van die Allerhoogste.
["Ek sê: Elohim is julle, selfs die seuns
van Elyon (die Allerhoogste) is almal van julle."]

==================================================

**Johannes 10:34vv** — *"Daarop sê Jesus vir hulle: "Staan daar nie in julle wet geskrywe: 'Ek het gesê: Julle is gode' nie? God noem hulle tot wie sy woord gekom het, dus 'gode', en wat daar geskrywe staan, kan nie verander word nie. Hoe sê julle dan vir My wat deur die Vader afgesonder en na die wêreld toe gestuur is: 'Jy praat godslasterlik', omdat Ek gesê het: 'Ek is die Seun van God'?"*

==================================================

***Verantwoordelikheid teenoor mekaar*** — verhouding met ewemens
***Ambassadeurs van God*** — verhouding met God
***Kinders van die Aarde*** — verhouding met die natuur
***Gee die keiser wat die keiser toekom*** — verhouding met die struktuur
***Eenders– en Andersdenkendes*** — verhouding met die kultuur
***Jou naaste soos jouself*** — verhouding met jouself en jou Self
***'n Liefdeskontrak*** — verhouding tussen twee bemindes

==================================================

## — Lees: Psalm 8:4-10 —

As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers,
die maan en die sterre wat U vasgestel het —
wat is die mens dat U aan hom dink,
en die mensekind dat U hom besoek?
U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese
en hom met eer en heerlikheid gekroon.
U laat hom heers oor die werke van u hande;
U het alles onder sy voete gestel:
skape en beeste, dié almal, en ook die diere van die veld,
die voëls van die hemel en die visse van die see,
wat trek deur die paaie van die see.
O HERE, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde!



# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



~ With this Love — Peter Gabriel ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

*Prys die Here vanuit die hemele, prys Hom in die hoë hemel!*
*Prys Hom, alle engele, prys Hom, alle hemelwesens!*
*Prys Hom, son en maan, prys Hom, alle sterre!*
*Prys Hom, hoogste hemele, en waters in die hoë hemelruim!*
*Laat hulle die Naam van die Here prys,*
*want Hy het beveel en hulle is geskep;*
*Hy het hulle vir altyd hulle vaste plek gegee,*
*vir hulle 'n orde neergelê waarbuite hulle nie kan beweeg nie.*
*Prys die Here van die aarde af, seediere en al die oseane,*
*weerlig en hael, sneeu en miswolke,*
*stormwind wat sy opdrag gehoorsaam,*
*berge, al die heuwels, vrugtebome, al die seders,*
*wilde diere, al die vee, al wat kruip of vlieg,*
*konings van die aarde, alle volke,*
*vorste, alle regeerders van die aarde,*
*jong manne en meisies, grysaards saam met seuns!*
*Laat hulle die Naam van die Here prys,*
*want sý Naam alleen is hoog verhewe,*
*sy majesteit strek oor die aarde en oor die hemel.*
*(Psalm 148:1-13)*

---

# IN LOVE, ALL IS POSSIBLE

~ Both Sides Now — Joni Mitchell ~